# Diensnuus

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

## Sondag 11/2

**Biddag vir opvoeding en onderwys Lydensweke begin**

**09:30 Erediens/Kategese**

Deuroffer: Kospakkie projek

Diensbeurt: Bergwyk

## Woensdag 14/2

ASWOENSDAG

## Sondag 18/2

**LYDENSTYD**

**09:30 Nagmaal & Kategese**
**Gr4-6 Heidehof Kuier**

Deuroffer: Gemeentebediening

Diensbeurt: Crassula




Wat is jou storie?

Wanneer ek die woorde hoor "wat is jou storie?" dan kom daar altyd die opvolg woorde in my kop van `n Afrikaanse komedie wat ek en my pa eenkeer gekyk het. In die komedie het die akteurs `n snaakse dialek of manier van praat gehad. Daar was konflik en twee mans het by `n ander een opgedaag en een het kwaai gevra: "WAT IS JOU STORIE?" Die ander een het opgevolg met: "Ja, storie jou storie…". Die gevolg was dat ek en my pa dikwels verwys het na die vreemde manier van vra na mekaar se doen en late: "storie jou storie…"

Jou storie is baie belangrik. Dalk sien jy dit nie so nie. Dalk dink jy jou storie, jou lewensverhaal is niksseggend, vervelig, vaal, en of swak. Jou storie is belangrik. Jou storie maak `n verskil. Ek sê dikwels dat die lewe gaan oor stories vertel. En ons doen dit te min. `n Ou Joodse verhaal vertel dat God juis die klein onbekende Joodse volkie gekies het om Sy volk te wees, want hulle het stories vertel. Hy het geweet hulle sal Sy storie vertel. Om stories te vertel is belangrik. Ware verhale van ons lewens en hoe God daarby betrokke was en is.

`n Vriend van my, Gawie Snyman, het my eenkeer vertel dat elke goeie fliek, drama, intriges en krisisse in het. Elke goeie fliek het `n oomblik van vrees of konflik. Elke goeie fliek het op en af emosies in. Elke goeie fliek het onsekerheid en afwagting in. Elke goeie fliek het tye in waar daar groot moontlikhede van mislukking in is. Ons hou van sulke soort flieks. Ons geniet die drama, en die onsekerhede, die afwagtings en die vrese. Ons geniet die ontvouing van die verhaal en die hoogtepunte en laagte punte. Maar niemand van ons wil sulke soort lewens leef nie. Ons wil hê ons lewens moet glad loop. Ons wil hê ons lewens moet nie te veel drama en onsekerhede in hê nie. Ons hou nie van afwagting en risiko nie. Ons hou van opwindende stories, maar ons wil hê ons eie moet "vervelig" wees.


Ek dink nie dis hoe God dit wil hê nie…En ek dink ook nie dit is hoe ons lewens verhale lyk nie. Ons lewens verhale het ook maar op en af in. En baie drama en dinge. Die wonderlike is dat God met ons is deur dit alles heen.

Wanneer ons ons stories met mekaar vergelyk kan ons soms dink ons stories is nie so indrukwekkend soos ander nie. Ons kan selfs dink dat God nie ons stories so goed kan gebruik soos ander nie. Dink weer hieroor! God kan en wil jou met jou storie gebruik in Sy Koninkryk tot Sy eer. Die probleem kom juis in by die woordjie vergelyk. Ons vergelyk met ander mense. Ons dink hulle stories is beter as myne. Ons dink hulle is meer spesiaal as ek. Ons moet nooit vergelyk nie. Ons moet net getrou leef saam met God. Hy is op pad met elkeen van ons op `n unieke manier. Hy kies om die pad met jou op `n spesifieke manier te loop. Daardie pad, daardie storie van God saam met jou is spesiaal en uniek en bruikbaar. Behalwe as jyself dit minderwaardig ag omdat jy dit vergelyk met ander. Ek het dit ook gedoen, en doen dit sekerlik nog nou en dan. Dis `n fout. Ek het in my jonger dae gedink God kan my storie nie gebruik nie, want ek het nie hierdie "extravagant" storie soos ander evangeliste nie. Ek het gedink my lewe kan nie getuig nie, want dit was nog altyd `n bietjie vervelig in vergelyking met super wonder reddings en bekerings verhale. Maar ek het ook maar op `n plek gekom waar ek besef het dat dit die pad was wat God wou loop met my en dat Hy my presies daardeur wil gebruik. Jy moet ook nie vergelyk nie. **Storie JOU(saam met God) storie.**

Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is. Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.

Rom.12:2-3



**Parkering:**

**As jy bietjie sukkel is jy meer as welkom om hierdie parkering te gebruik, lekker naby 'n ingang.**

# Die Groot Lydensweek

Dit is hoe die volgende week in die christelike tradisie bekend staan. Volgens die evangelies is dit die laaste week voordat Jesus gevange geneem, verhoor en uiteindelik gekruisig is. Verskeie momente van Jesus se lyding word in die week opgeroep.

Die eerste is dat op Sondag Jesus se toetrede in Jerusalem herdenk word. Die uitgooi van die volgelinge se bo-klere en palmtakke terwyl Jesus op ‘n donkie-vul die ou stad binnery word in herinnering geroep. Daarom word Sondag Palmsondag genoem. Christene wêreldwyd neem op een of ander manier Sondag hulle eie kruisie op, al is dit simbolies in die vorm van ‘n tuisgemaakte palmkruisie - om hulle opnuut te verbind aan Jesus se lyding in die laaste week.

**Welkom & waarom vier ons AsWoensdag:**

Dit is die begin van Lydenstyd, 40 dae voor Paasfees (Sondae uitgesluit). Hierdie 40 dae simboliseer die 40 dae wat Jesus in die woestyn deur satan versoek is. Gedurende Lydenstyd fokus ons op Christus se pad na die kruis, en ook op ons eie gebrokenheid – die plekke in ons lewens waar sonde ‘n houvas op ons lewens het. Baie mense vas van iets tydens hierdie tyd, om hulle geestelik skerp te maak, om te kan onderskei wat hierdie areas is, en om op Christus se lyding, kruisiging en opstanding te fokus.







Lohette de Wet en Riette Steyn wat met kanker behandeling besig is.

Erika Theron se Pa Sidney Smith (Sentrale)




**Baie geluk! Lekker verjaar.**

| Naam | Van | Datum |
|---|---|---|
| Jolanda | De Wet | 02/10 |
| Marli | Koen | 02/10 |
| Mare | Louw | 02/10 |
| Brenda | De Wet | 02/11 |
| Talana | Groenewald | 02/11 |
| Stephan | Kellerman | 02/11 |
| Frikkie | Rust | 02/11 |
| Sunika | De Kock | 02/12 |
| Johan | Wiehahn | 02/12 |
| Stephan | Du Toit | 02/13 |
| Marco | Meyer | 02/13 |
| Mari | Lubbe | 02/14 |
| Mia | Van Zyl | 02/15 |
| Daniël | De Kock | 02/16 |
| Esta | Engelbrecht | 02/16 |
| Jan | Fick | 02/16 |
| Ben-Louis | Kriel | 02/16 |
| Dirk | Coetzee | 02/17 |
| Aletta | Gunter | 02/17 |
| Shelly-Ann | Milne | 02/17 |
| Ronelle | Niemand | 02/17 |
| Li-Hanke | Pieters | 02/17 |
| Jané | Swart | 02/17 |
| Jannie | Grobbelaar | 02/18 |
| Johanna | Shawe | 02/18 |
| Daniël | Meyer | 02/19 |

## Wortelgat-kamp

## Graad 8-12

## 23-25 Feb



**Ons kort asseblief nog hulp en produkte vir die Basaar, skakel asseblief die volgende persone vir hulp of bydraes. Baie dankie vir julle samewerking.**

## Items wat hulle Benodig:

Paaseiers (4 bokse), popcorn pitte, enige lekkers.,(gesigggies, jellylekkers, smarties ens.) chips.

Rys, aartappels, uie, Chutney

Meel, eiers, suiker

Melk, Jacobs koffie, tee .

Enige kontant bydraes is ook welkom.




Ons kort hier lekker bok-vir-sports wat kan help met van die speletjies en ook nuwe idees by die Basaar– lekker sports is die doelwit!
Laat weet asseblief die kerkkantoor as julle wil deel raak.

| **Afdeling** | **Kontak persoon** | **Kontak nommer** |
|---|---|---|
| Kindertafel | Aldorette du Toit | 0799348551 |
| Aktiwiteite & Vermaak | | |
| Tombola tafel | Releen Swart | 0765787455 |
| Koffie & lekkernye | Carien De Beer | 0799721088 |
| Tuigsgebak | Anja de Kock | 0828752459 |
| - Kleinkoekies | Jana den Engelsman | 0766156115 |
| Padstal | Jan-Hendrik de Kock | 0845688307 |
| Poeding | Arina Swart | 0760485822 |
| Jaffels | Rika du Buisson | 0768690960 |
| Kerrie en Rys | Elize Wiehann | 0736040520 |
| Worsbroodjies & Hamburgers | Ben-Louise Fourie | 0833308049 |
| Pannekoek | Marlene/Dienssentrum | 0825706693 |
| Wors & Vleistafel | Heinie Fourie | 0836978150 |
| | Liezel Kershoff (Verpakking) | 0834255045 |
| Verversings | Frikkie Lubbe | 0829217994 |
| Vermaak | | |
| | Jani Crous | 0760163327 |
| - Kuier area & Kos verkope | Rolien Fick | 0795076220 |
| - Sanger & 'band' | Marilise Otto | 0727387202 |
| Skat 'n Skaap | Mari Lubbe | 0726895983 |
| - raai die gewig van skaap teen 'n koste, die persoon wat die naaste raai kry die skaap geslag. | | |
| Bemarking | Elanza du Toit | 0724694759 |

# Preeknotas: 11 Februarie 2024

God se wil en hoe ons daarna luister (deel 2)

Teks: Ps.139:1-12

In die vorige deel oor God se wil en hoe Hy daaroor praat was die fokus op drie goed:

*God se wil is `n verhouding in en deur die Persoon Jesus Christus.
*God praat op verskillende maniere met ons(veral deur die Woord)
*Ons moet fyn ingestel wees op die regte frekwensie om te kan hoor.

Hierdie week gaan ons voort met die tema.

*Om te kan luister moet ons op die regte "plek" wees.
*   Die wagtoring, op pad, vroeg in die oggend, ens
Wanneer ons hoor moet ons ook onderskeidingsvermoë hê:
Is dit Skrif getrou, bots dit met jou sondige natuur?, is daar geloofsoortuiging, is daar vrede.



# Familie Tuisblad

DINK JEUG Families

**11 Februarie 2024**

## 1 Begin hier

Ek wonder watter vreemde verhale jy al raakgelees het in die Bybel?
Dalk van 'n wonderwerk, of iets anders wat jy as vreemd of radikaal beskou?
Gesels gou hieroor met mekaar.

Die teks van die week vertel die verhaal van God wat die profeet Elia wegvoer na die hemel in 'n perdewa van vuur. Vreemd, nè?!

Hierdie week vier ons liefde op Valentynsdag en ook die begin van Lydenstyd op Aswoensdag. Beide feeste kan ons herinner aan God se getroue liefde en sorg.

## 2 Lees

**2 Konings 2: 1-15**

## 3 Gesels

- Hoe dink jy het Elisa gevoel toe Elia weggevoer word op 'n perdewa van vuur?
- Elisa word herinner dat die Here by hom is, soos wat Hy by Elia was. Hoe dink jy laat dit Elisa anders voel en optree?
- Dieselfde Gees is ook by jou. Kan jy dink aan 'n keer waar jy God se liefde ervaar het?

## 4 Bid

Bid vandag vir jou onderwysers en skool.
Vra dat julle diensbare liefde vir mekaar sal wys.

## 5 Doen

Vier Aswoensdag (die begin van Lydenstyd) en Valentynsdag so:

Maak op mekaar se voorkoppe hartjies van as (meng die as met 'n bietjie lyfroom) en sê in gebed dankie vir die Here se diensbare liefde wat vir ons 'n voorbeeld is.

# So hou ons kontak!

Kantoor ure: 08:00 - 13:00
14:00-15:30

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**



**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**

Snap here to pay
SnapScan